



## **BOSLUISBYTE: WAT JY MOET WEET.**

### **1. WAT IS 'N BOSLUIS?**

'n Bosluis is 'n agtpotige dier wat hoofsaaklik in twee groepe verdeel kan word, naamlik harde- en sagte bosluise. Bosluise het bloedmaaltye nodig vir oorlewing en sal bykans enige dier, insluitende mense, se bloed suig.

Die bosluis wag op lae bosse vir enige dier of mens om daar verby te loop en klim dan op die dier of mens waarna dit dadelik 'n gaatjie met sy monddede deur die vel van die dier boor en begin daarna om die bloed uit die gasheer dier te verkry. Dit is op hierdie stadium dat siektes oorgedra kan word vanaf die bosluis na die gasheer (mens of dier).

### **2. WAT IS DIE SIMPTOME EN TEKENS VAN 'N BOSLUISBYT?**

In baie gevalle is die byt van 'n bosluis heeltemal pynloos, Ander tekens soos 'n rooi kleur by die bytplek, jeuk, 'n brand gevoel en erge intense pyn (in geval van die byt van 'n sagte bosluis) kan ook voorkom.

Simptome wat kan volg na 'n bosluis iemand gebyt het is die volgende: griepagtige simptome, koors, dooie gevoel, veluitslag, deurmekaar gevoel, swakheid, pyn en swelling van gewrigte, hartkloppings, asemtekort, naarheid en braking. Die simptome begin gewoonlik eers min of meer 'n week na die byt.

### **3. SIEKTES WAT DEUR BOSLUISBYTE OORGEDRA KAN WORD?**

Bosluisse kan verskeie siektes oordra, soos byvoorbeeld die volgende:

Kongo koors, bosluisbytkoors, encefalitis (inflammasie van die breinselle)

### **4. HOE KAN EK BOSLUISBYTE VOORKOM?**

- Dra ligkleurige klere om die bosluis makliker te kan raaksien.
- Langbroeke moet by skoene ingestee word.
- Ondersoek jousef dadelik as jy uit die veld uit kom.
- Behandel troeteldiere met kommersiële produkte wat bosluise doodmaak.
- Hou troeteldiere verkieslik buite die huis.

### **5. DAAR IS 'N BOSLUIS OP MY LYF! HOE NOU GEMAAK?**

#### **Waarskuwing:**

Moenie die bosluis brand, verf, ens. terwyl dit nog aan die vel vassit nie aangesien dit die bosluis kan stimuleer om meer skadelike stowwe en kieme vry te stel. Moet ook nooit die bosluis vinnig probeer afpluk nie en moenie die bosluis stukkend druk nie aangesien dit verdere siektes kan versprei.

Die hele bosluis, insluitende die kop en monddede moet verwyder word aangesien verdere skade deur die oorblywende dele aangerig kan word. Bedek die hele bosluis met petroleum jelle (Vaseline). Dit versmoor die bosluis en veroorsaak dat die bosluis self sy kake oopmaak en afklim. Sodra die bosluis los is kan dit versigtig van die vel gevee word.

Was jou hande en alle instrumente wat gebruik is om die bosluis te verwyder.

Die bytplek kan met seep, water en 'n ontsmettingsmiddel skoongemaak word. Hou die bytplek vir 'n paar dae dop om seker te maak daar is geen infeksie nie. 'n Antiseptiese room kan ook aangewend word alhoewel dit slegs ander infeksies van die bytplek sal voorkom, maar nie sal kan keer as die bosluis enige siekte na die gasheer oorgedra het nie.

### **6. WANNEER MOET EK KLINIEK OF DOKTER TOE GAAN?**

- Indien die persoon of kind wat gebyt is griepagtige simptome, koors, intense hoofpyn, keelseer, 'n veluitslag, deurmekaar gevoel, swakheid, pyn en swelling van gewrigte, hartkloppings en bloedings ervaar

### **7. BELANGRIKE KONTAKNOMMERS:**

Noord-Kaapse Departement van Gesondheid

Afdelings: Oordraagbaresiektebeheer & Omgewingsgesondheid

Tel: 053-8300 500

